

Toetrede

Liturgie van die Lig

Kersliedjie

D J Opperman

Drie outas het in die haai Karoo
die ster gesien en die engel geglo,

hul kieres en drie bondels gevat
en aangestryk met 'n jakkalspad

al agter die ding wat skuiwend skyn
op 'n plakkie, 'n klip, 'n syferfontein,

oor die sink en die sak van Distrik Ses
waar 'n kersie brand in 'n stukkende fles,

en daar tussen esels en makriel
die krip gesien en neergekniel.

Die skaapvet, eiers en biltong
nederig gelê voor God se klong

en die Here gedank in gesang en gebed
vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red...

Oor die hele affêre het uit 'n hoek
'n broeis bantam agterdogtig gekloek.

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterreheemel ruis.

*Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.*

*Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.

Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

*Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.*

*Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Voel jy ook nou sy warm liefde
As ons die dag gedenk,

Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
Ons grootste kersgeskenk.

*Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.*

*Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Woorddiens

Lesing 1: Johannes 1:1-14 (1953)

¹ IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

² Hy was in die begin by God.

³ Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

⁴ In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.

⁵ En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

⁶ Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.

⁷ Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo.

⁸ Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.

⁹ Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

¹⁰ Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.

¹¹ Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

¹² Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

¹³ wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

¹⁴ En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.

Lesing 2: Lukas 2:1-14 (1953)

¹ EN in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word.

² Hierdie eerste inskrywing het plaasgevind toe Cirénius goewerneur van Sîrië was.

³ En almal het gegaan om ingeskryf te word, elkeen na sy eie stad.

⁴ En Josef het ook opgegaan van Galiléa, uit die stad Násaret, na Judéa, na die stad van Dawid, wat Betlehem genoem word, omdat hy uit die huis en geslag van Dawid was,

⁵ om hom te laat inskrywe saam met Maria, die vrou aan wie hy hom verloof het, wat swanger was.

⁶ En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar;

⁷ en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

⁸ EN daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.

⁹ En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig.

¹⁰ En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees,

¹¹ dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.

¹² En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.

¹³ En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê:

¹⁴ Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!

Broodjies vir die Pad

Lied 355

Al was ek nie daar nie – ek weet dit is waar:
die krip en Maria met die Kindjie by haar.

Dis of ek die engel die boodskap hoor bring
van Jesus se vrede, wat harte laat sing.

Al was ek nie daar nie – ek weet dit is só:
Die herders en wyses het dit eerste geglo.
En deur al die jare bou Jesus sy kerk –
Die Gees en die Woord kom geloof in ons werk.

Lied 345

Kom, alle getroues, vrolik en vol vreugde,
o kom in die gees nou na Betlehem!
Loof daardie kindjie tot ons heil gebore –
kom buig daar in aanbidding, (x3)
voor Jesus, die Heer.

'n Kind is gebore; loof die God van liefde!
Hy kom ons verlos, Hy is wonderbaar,
Raadsman en Sterke, God en Vors van vrede!
Ons buig in blye aanbidding, (x3)
Verlosser en Heer!

Kom, lofsing die Here; Hy is onse Koning.
Vir ons word Hy mens en oorwin die dood.
Hy heers met reg In hemel en op aarde –
buig dankbaar in aanbidding, (x3)
voor Christus, die Heer!

Kom, lofsing die Here, loof Hom, al wat lewe!
Wees vrolik, besing nou sy majesteit.
In U, Getroue, bly ons ook behoue.
Ons prys U in aanbidding, (x3)
Gesalfde en Heer!

Lied 348

Stille nag, heilige nag!
Jesuskind, lank verwag,
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,
word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind! (x2)

Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar! (x2)

Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons! (x2)

Christ is creative, life-giving, light-giving, wisdom-sharing, always enlightening, without boundaries or exclusions. While we may turn away from the light, there is still a movement of light in our lives. Without the Creative Wisdom of God, energetically moving in all things, we would be unable to live, breath, believe, or turn away. There is hope for every lost child, for “the true light, which enlightens everyone, was coming into the world.” There is no getting around this “everyone” – there is no double predestination here, no eternal choice of saved and damned. God wants to save everyone, giving life and light to and through all things. Everyone is included in the circle of revelation and salvation, regardless of ethnicity, culture, or faith tradition.

John’s Gospel lives with the tension of kataphatic and apophatic – all things reveal God; yet, God is more than anything. We can testify, as John did to the Light, but the Light is always more than we can imagine. We can choose to turn away from Light, but our turning away never deters God’s deep desire to heal and save us.

Belief makes a difference, but belief is more than intellectual assent. It is a whole person’s receptivity and response to the living Christ. Belief opens up new dimensions of reality through which God can be more fully manifest in our lives. Those who receive Christ, who embrace Christ’s life, receive “the power to become the children of God.” We see Christ’s glory, and begin to live in ways that give glory to God and healing to the world. Christ wants us to be powerful rather than passive. (PaF)

Brood vir die Pad

Om leeg te lê en jousef te kan ontmoet!

deur Wilhelm Jordaan

Begin by die etimologie van die woord “vakansie” en kyk waar bring dié woord en ander woorde jou.

In “Die waarde van die woord” (Beeld, 17 Desember) word gesê “vakansie” kom uit die Nederlands “vakantie” en nog verder terug uit Latyn se “vacere”, wat beteken om “leeg te wees”.

Met uitgebreide betekenis behels “leeg wees” ook jy doen alles om te verhinder jou gees raak “beset” (“besete”?) deur lewensverskralende gedagtegang, gevoelens en kwellings. Dit “ledig” jou van ’n jaar se versamelde tamheid.

Mense is egter bang vir dié leegmaakproses. Dalk bring dit die bewustheid van ’n geestelike lugleegte – dat daar niks anders in jou gees as tamheid is nie. En dat dit verkies word bo die skrikwekkende besef van ’n lewe wat dit dalk mis aan werklik waardevolle dinge.

Soos om lewensharmonie te beleef. Om die dinge wat deur die jaar uiteengeruk is weer “saam te voeg” – soos die Griekse woord “harmos” beduie.

Boaan die lys van samevoeging is jyself. Om die rollespel en die maskers af te haal en helder te weet: “Dit is die eintlike ek dié. Bly te kenne!”

Dan ook die samevoeging met die mense naaste aan jou. Sodat jy weer kan glo daar is egte mense wat smag na mekaar se teenwoordigheid – anderkant die brutale saaklikheid, die verbete lewenspoed en die vertroetelde illusies. So beskou, begin “vakansie hou” by die besef van ’n gemis aan jousef en aan die ander. Dit bevestig die moontlikheid van (her)ontdekking van jousef en (her)ontmoeting met geliefdes.

Soms moeilik om te glo al dié fraai dinge is moontlik as jy dié tyd van die jaar die tekens van die fees van verbruik en dolle vaart lees. Want dit bevestig ’n bizarre Kersfees-semiotiek – in die trant van ’n “geklukkige skertsfees en voortspoed na die nuwe jaar”!

Vir gelowige mense is daar egter iets anders en iets meer. Kersfees, wat saam met die vakansie kom, is ook die fees van verruklike ontmoeting en versoening.

Dit is die misterie wat gesetel is in die geboorte, lewe en sterwe van Christus – dat Hy gekom het om ons te ken, elkeen na die naam; in die fynheid en die grofheid van jou grein en in die jaarringe van jou pyn.

En dat ons op dié manier, wat alle verstand te bowe gaan, met God versoen is; dat die stem van die Een wat in die mitiese tuin eerste na die mens geroep het dit steeds met ons doen.

Dié roep vra ook vir menslike gestaltes en stemme. Dit gebeur waar mense roep vanuit hul nood en verlange – nie soos God dit met ons doen nie, maar omdat Hy dit met ons doen.

Daarmee kry die woord “versoening” bekoorlik uitgebreide betekenis. Soos dit gedra word deur die Latynse woord “reconciliare”, wat beteken om “byeen te bring” deur te roep. Daarom vir almal wat hier lees ’n heerlike vakansie van “leeg wees” én ’n verruklike roepfees.